# Hoe de hel durf ons vertel?

# Oorlogsliteratuur, Christendom en persoonlike geskiedenis[1]

Willem Boshoff
Departement Ou Testament
Universiteit van Suid-Afrika
PRETORIA

> Het leger maakt van een jongen een man evenals het bordeel van een meisje een vrouw maakt (Nederlandse gesegde).[2]


## Abstract

### How the hell dare we tell? War literature, Christianity and personal history

*This article looks into aspects of the experience of the South African Border War during the seventies and the eighties. The very fact that there was a war was denied at some stages; often it was presented as a 'battle between the powers of light and the powers of darkness'. Almost always this war was underestimated in terms of its influence on the lives of common people. A vast corpus of 'Border literature' has developed and three of these narrative texts are used as the basis for a personal account of experiences as a National Service chaplain during the war. The relevant narrative texts are* ***'n Wêreld sonder grense*** *(A world without borders) by Alexander Strachan,* ***Wie de hel het jou vertel?*** *(Who the hell told you?) and* ***Swart sendelinge*** *(Black missionaries) by Gawie Kellerman.*


---

1 'n Vroeër fase van dié artikel is as 'n lesing op 12 Augustus 1995 gelewer as bydrae tot 'n konferensie oor "Christendom en literatuur by die eeuwending", aangebied deur die PU vir CHO, Potchefstroom.

2 Oor die waarheid van die gesegde voel ek ewe ambivalent as oor die oorlog self. Die spreuk is tegelyk die reinste waarheid én 'n infame leuen.

## 1. Inleiding: Enkele kursoriese aanmerkings oor geskiedskrywing

Gebeure maak die boustowwe vir geskiedskrywing uit. Geskiedskrywers keur hulle bronne en gegewens en besluit watter gegewens ter sake is vir die onderwerp wat hulle bestudeer. Die tradisionele geskiedenis het veral klem gelê op die wel en wee van konings en veldhere, terwyl politieke geskiedenis – die opeenvolging van ryke, regerings en veldslae – gehanteer is asof dít werklik geskiedenis is (Himmelfarb, 1987:14). Die bronne vir geskiedskrywing was oorwegend ou, argivale materiaal wat lig kon werp op gebeure wat in die verre verlede plaasgevind het. Die ideaal was om 'n groot genoeg afstand van die gebeure te hê om sodoende objektiewe waarneming moontlik te maak, terwyl die beskikbare amptelike dokumente in die argiewe dit vir die historikus moontlik moes maak om te wys *wie es eigentlich gewesen ist* (Von Ranke, soos aangehaal deur Oakeshott, 1983:66).

In resente Afrikaanse geskiedskrywing was dit so onlangs as 1963 nog 'n vraag of die belangrike veld van *eietydse geskiedskrywing* nie betree behoort te word nie (Van Jaarsveld, 1974:104). In sy daaropvolgende pleidooi ten gunste van die studie van tydgenootlike geskiedenis, ook op skoolvlak, motiveer hy die saak soos volg (Van Jaarsveld, 1974:115):

> ... dit kan help om 'n *historiese sin* by ons jeug en bevolking aan te kweek. Dit sluit ten nouste aan by die herinneringsgegewene van die selfdeurleefde, jongste verlede. Ons skool- en universitêre leergange sluit gewoonlik af waar die betrokkenheid van die geskiedenis op die *hede* begin; die gevolg is dat ons jeug nooit in die geleentheid gestel word om die probleme van hulle eie tyd *histories* te begryp nie; dat hulle weinig weet wat in die wêreld rondom hulle aangaan, dat hulle ook in 'n soort lugleë ruimte tussen verlede en hede verkeer – die brug wat dit moet oorspan, naamlik die kennis van die eietydse geskiedenis ontbreek immers (beklemtoning deur Van Jaarsveld).

Op die voetspoor van die 'Nuwe Geskiedenis' het 'n 'geskiedenis van onder', (dit is die geskiedenis van 'gewone mense'), ook die ideaal van Afrikaanse geskiedskrywers geword.[3] Die nuwe geskiedenis behels 'n uiteenlopende verskeidenheid van metodes en benaderings wat veral uit die sfeer van die sosiale wetenskappe kom.[4] Veral die produkte van die Franse Annalesskool en

---

3 Twee uiteenlopende voorbeelde hiervan is die verslag oor die kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog (Pretorius, 1991) en die populêre verslag oor Operasie Savannah (Du Preez, 1989).

4 Himmelfarb (1987:14) praat ook van *social history* en verwys na aspekte soos 'analitiese benadering', 'kwantitatiewe metode', 'psigo-analitiese interpretasies',

die Duitse historiese sosiale wetenskapskool is egter toenemend deur lesersontoeganklikheid gekenmerk weens die 'verwetenskapliking' daarvan (Van Jaarsveld, 1992:260).

Hierdie artikel is geensins 'n poging tot formele historiografie nie. Dit wil egter wel op die terrein van eietydse geskiedenis reflekteer oor ervarings tydens die grensoorlog. Aan die hand van persoonlike ervarings en literatuur wat oor die grensoorlog handel, word aandag geskenk aan die breë Christelike etos van die tyd en aan die mites wat die gebeure gerugsteun het.[5] Enersyds blyk dit uit 'n studie soos dié van Pretorius (1991:16) dat persoonlike herinneringe en ervarings belangrik is om 'n beeld te kry van iets soos "die lewe en ervaringswêreld van die gewone Boerekryger". Andersyds het Erasmus (1995:138-141) in 'n studie oor oorlogsliteratuur as bron van geskiedskrywing oor die indiwidu daarop gewys watter belangrike rol literatuur kan speel in 'n poging om 'n era histories te verstaan.

## 2. Intermezzo: Die eerste anekdote

Moontlik die aardigste van my 'oorlogservarings' het lank ná my diensplig-tydperk plaasgevind. Dit was tydens 'n kort herbesoek aan my eertydse militêre eenheid vir 'n vaandelparade en 'n gedenkdiens waarvoor ek verantwoordelik sou wees. Met die oog op die gedenkdiens is die naasbestaandes van almal wie se name op die gedenknaald verskyn het, genooi om die eenheid vir 'n naweek te besoek. (Dié eer, om jou naam op die gedenknaald te kry, het jou alleen te beurt geval wanneer jy as lid van die eenheid onder operasionele omstandighede dood is). Weens die vaandelparade was die naweek ook 'n

---

'sosiologiese modelle', 'heersende ideologiese vooroordeel' en die 'populistiese werkswyse'.

5 'n Soortgelyke proses, waar gepoog word om reg te laat geskied aan die subjektiewe ervaring kom ook voor in ander dissiplines, soos byvoorbeeld vrouestudies. Meyer-Wilmes (1990:154-164) praat in navolging van die sosioloog Maria Mies, van die noodwendigheid dat nuwe metodologiese beginsels as postulate geformuleer moet word, op grond van die kritiek teen tradisionele navorsingsmetodes. Drie van die sewe postulate wat sy aanhaal, is van direkte belang vir die anekdotiese styl wat in hierdie artikel gevolg word. Die eerste is 'partydigheid eerder as waardevryheid' (Parteilichkeit statt Wertfreiheit); die tweede ''n kyk van onder eerder as 'n kyk van bo' (Sicht von unten statt Sicht von oben) en derdens word gekyk na die 'navorsingsproses as proses van bewuswording' (Forschungsprozeß als Prozeß der Bewußtwerdung) (Meyer-Wilmes, 1990:154, 156, 163.)

feestelike reünie vir 'n groot groep oud-eenheidslede, veral uit die leierskorps. Baie van hulle het 'n jarelange verbintenis met die eenheid gehad.

Onder die besoekers was daar ook die ouers van 'n jong luitenant wat grusaam in aksie gesterf het en die bevelvoerder van die kompanie waaraan die luitenant behoort het.

Dit het gelyk asof die besoekende naasbestaandes kom soek het na tekens van hulle seuns/broers/mans se laaste aktiwiteite, voordat hulle lyke in digverseelde kiste, net betyds vir hulle militêre begrafnisse, aan die treurende families besorg is. Die oud-lede van die eenheid het kom soek na tekens van die kameraadskap en ervarings wat hulle deur allerlei ontberings heen gedeel het.

Die luitenant se ouers, veral sy pa, wou baie graag hulle seun se kompanie-bevelvoerder ontmoet. Die rede was dat sy naam een van die min was wat hulle uit hulle seun se briewe geken het én hy was by toe hulle seun gesterf het. Al wat hulle uit die amptelike mededelings geweet het, was dat hulle seun onder operasionele omstandighede gesterf het en hulle was op soek na iets meer.[6] Die kaptein daarenteen, het hulle ten alle koste probeer ontduik. Hy kon dit nie oor sy hart kry om hulle in die oë te kyk nie – nie omdat hy oor iets skaam was nie, maar omdat hy nie geweet het wat om vir hulle te sê nie. Hy het alles in werking gestel om hulle met iemand anders te laat praat: die eertydse eenheidsbevelvoerder, met sy tweede-in-bevel, met 'n paar van die troepe wat onder die luitenant gewerk het, selfs met my wat die kapelaan was en wat toevallig saam lughawe toe was om sy lyk uit te ken en sy eiendom bymekaar te maak.

Vir 'n hele naweek lank het die kaptein die luitenant se ouers ontduik, maar teen die Sondagmiddag ná die gedenkdiens, was daar nie meer verskonings nie en kon hy nie verder aan die noodwendige ontmoeting ontkom nie. En ál wat die pa, wat self 'n veteraan van die Tweede Wêreldoorlog was, van sy seun se onmiddellike bevelvoerder wou weet, was dit: "Het die seun darem eervol, soos 'n soldaat, gesterf?" Enkele ure (en baie trane later) het die luitenant se pa teruggekeer Pretoria toe. Maar hy was gelukkig, want sy herinneringe aan sy seun is gerehabiliteer. Ná hulle gesprek het die kaptein in die volgende dae 'n paar kere met my kom praat oor sy gesprek met die luitenant se pa én oor die luitenant se sukses as spanbevelvoerder en oor sy grusame dood. (Oor laas-genoemde omstandighede het hy waarskynlik toe vir die eerste keer sedert dit

6 In dié verband kan ook verwys word na die intense weergawe van só 'n soektog, onder vergelykbare omstandighede, wat N.S. Steenkamp (1991) ná sy seun se dood te boek gestel het.

gebeur het, gepraat, want die soldate het nie maklik oor die dood van naby-vriende gepraat nie.)

## 3. Drie klein ikone ter herdenking van die oorlog

Verskillende mense hou verskillende herinneringe en aandenkings aan die oorlog oor: 'n koeëldoppie of kanondop, foto's van ou vriende,[7] eenheids- of rangkentekens, 'n glanskoffietafelboek,[8] 'n gekerfde makalanipalmpit of iets dergeliks.

In my persoonlike verwerking van indrukke en ervarings aangaande die oorlog het drie narratiewe tekste vir my die ikone geword vir my herdenking van die veelbewoë tyd. Aan die hand van Alexander Strachan se bundel kortverhale *'n Wêreld sonder grense* (1984), Gawie Kellerman se boeke *Wie de hel het jou vertel* (1988) en *Swart sendelinge* (1991) het ek 'n proses deurgegaan wat as 'biblioterapie' beskryf kan word (vgl. Rossouw en Rossouw, 1992:6-9).[9] Die boeke het elkeen op verskillende maniere 'n rol gespeel in die her-denking van my grenservarings.

Strachan se *'n Wêreld sonder grense* is gepubliseer voordat ek in 1985 Weermag toe is en op daardie stadium het ek nie eers oorweeg om die boek te

---

7 Lucas Maree praat in sy liedjie "Kiekies in my plakboek" oor die rol wat foto's speel:

> My kiekies is verwysings
> my lewensinventaris
> die ensiklopedie van my bestaan.
> My kiekies is bewyse vir die feit
> dat ek ook daar was:
> 'n prentjiekommentaar wat my beaam.

8 'n Algemene voorbeeld is Steenkamp se *Suid-Afrika se grensoorlog 1966-1989* van 1990 (moontlik selfs met 'n verwysing na 'n operasie waaraan hy deelgeneem het).

9 Die keuse van die drie boeke berus op iets soos 'resonering met persoonlike ervarings'. Dit is nie 'n literêre oordeel nie, veel eerder 'n oordeel wat spruit uit die gevoel van 'outentisiteit'. Daar is talle ander verhale wat deel uitmaak van die korpus van Afrikaanse grensliteratuur (vgl. Erasmus, 1995) en my keuse hier is onverbloemd subjektief. 'n Vierde boek, *'n Basis oorkant die grens* van Louis Kruger (1984), val vir my in dieselfde kategorie as die genoemde drie, maar deels omdat dit in Zimbabwe en Mosambiek afspeel, het ek dit nie in die artikel verreken nie.

koop nie. Nadat ek uitgeklaar het en terug was in die samelewing, het ek êrens 'n tweedehandse eksemplaar gekry en dit het byna onmiddellik 'n sleutelteks in my boekrak geword. In die poging om 'n normale lewe na die diensplig te probeer lei, was daar steeds 'n groep oud-kollegas uit die weermag wat ek nie verstaan het nie. Dit was die professionele soldate: hoogs opgeleide, toegewyde en aggressiewe oorlogspesialiste, sommige bloedjonk, maar byna deur die bank met 'n besondere onderlinge lojaliteit en 'n soort vriendskap. Die vertellings in *'n Wêreld sonder grense* het vir my 'n perspektief gegee op mense wat kón doodmaak en dit dikwels gedoen het; nie noodwendig omdat hulle dit geniet het nie, maar omdat dit deel was van hulle werk en hulle alledaagse bestaan. Namate die naamlose jong hoofkarakter in die boek stelselmatig opgelei word en deel word van 'n groep verkenningsoldate, word die leser genadeloos geïnisieer in die wêreld van die soldate. Strachan open, met die outoriteit van 'n binnestaander, 'n klein venster op die meedoënlose, vreemde wêreld van spesialissoldate. Dit het die onbegryplike vir my 'n bietjie meer verstaanbaar gemaak.

Gawie Kellerman het in die bundel kort-kortverhale *Wie de hel het jou vertel* daarin geslaag om universele, of ten minste wyer-geldende persoonlikhede en stereotipes uit die oorlog só uit te beeld dat dit ten nouste kon resoneer met my ervarings.[10] *Swart sendelinge* is 'n roman wat tematies aansluit by *Wie de hel het jou vertel*, maar tog wesenlik daarvan verskil. Die leser vergesel die bevelvoerders van 'n gevegseksie deur die laaste weke/maande van die grensoorlog.[11] Die hoofkarakter, Jacques, word deur die gebeure heen skimagtig begelei en van raad bedien deur sy oorlede grootoupa, Nicolaas, wat as jong man tydens die Dorslandtrek in dieselfde omgewing geleef en oorlog gemaak het.

Onontkombare probleme oor die wese van oorlog en oor die mense wat dit voer, word deur karakters in *Swart sendelinge* (Kellerman, 1991) aan die orde gestel. Enkele voorbeelde uit die boek illustreer die soort probleme waarmee talle soldate dikwels tydens en na die oorlog geworstel het:

---

10 Selde tevore het ek 'n boek gelees waarin ek oor haas elke karakter gevoel het dat ek ook so iemand geken het.

11 'n Heel ander soort luitenant as dié wat vir Nina en haar vriendinne as 'wippe' in hulle basis insmokkel (in Riana Scheepers se sogenaamde weermagstorie *Die heidendogters jubel* van 1995), tree in *Swart sendelinge* na vore. Hulle aktiwiteite verskil ook hemelsbreed.

'n Jong, ietwat verdwaasde soldaat vra na 'n tyd in die bos vir Jacques: "Sal my mense my nog ken wanneer ons uitklaar?" (p. 47).

Jacques se opvolger as bevelvoerder van die gevegseksie, luitenant Rudolf Dreyer, maak baie gou ná sy aankoms kennis met die gruwelike van die oorlog. Op pad terug basis toe, nadat hulle 'n uiters suksesvolle en bloedige hinderlaag vir die vyand gelê het, vra die majoor vir Rudolf: "En hoe lyk die dag se werk vir jou, Dreyer?" en hy antwoord: "Ons het goed gedoen, Majoor, baie goed" (p. 71).

Die aand in die tent sê Rudolf egter vir Jacques: "Ek het vandag vir die eerste keer 'n mens doodgemaak. Nege mense op 'n Sondag doodgemaak" (p. 72).

Na aanleiding van Rudolf se onrustigheid ná die dag se gebeure verskyn grootoupa Nicolaas by Jacques en merk op: "Jou vriend vind dit moeilik, maar dis 'n goeie ding. Jou gewete bewaar jou van ongevoeligheid" (p. 72).

Jacques is egter self ook onrustig en deel sy kommer oor sy seksiesersant met sy grootoupa, omdat die sersant "... dit deesdae geniet om dood te maak. Dit het wraak geword, nie plig nie" (p. 73).

Sommige boeke lees 'n mens een keer en dis klaar. Ander boeke word sleuteltekste waarheen 'n mens kan terugkeer. *Wie de hel het jou vertel* en *Swart sendelinge* het vir my vaste verwysings geword in my eie klein 'persoonlike na-oorlogse geskiedenis'. Die blywendste indruk oor die oorlog en die gepaardgaande lewensverlies, soos ek dit beleef het, word verwoord deur een van die gewone troepe se opmerking pas nadat Jacques die nuus gebring het dat hulle vroeër sou uitklaar, omdat die oorlog verby is: "Dan was alles verniet, alles verniet" (p. 118).

Die sanger Koos du Plessis het op treffende wyse 'n universele ervaring verwoord, wat vir baie mense beskrywend was van die betrokke era, toe hy gesing het: "... en eindelik was almal maar net kinders van die wind".

Dit het vir my terapeutiese waarde gehad om te lees hoe 'n vreemdeling (soos die skrywer Gawie Kellerman in dié geval), ervarings wat met jou eie ooreenstem só beleef en beskryf dat jy in hom 'n geesgenoot vind.

## 4. Oorlog as verontmensliking

Die verontmenslikingsproses in 'n oorlog, 'n proses waardeur die vyand én ander mense in die oorlogspoging van hul individualiteit en menslikheid ontneem word, is wesenlik deel van oorlogvoering. Suksesvolle verontmensliking is juis afhanklik van die 'suksesvolle' voltrekking van 'n oorlog.

Die proses van verontmensliking het in die anekdotiese wegkruipertjiespel van die kaptein en die luitenant se ouers 'n ironiese hoogtepunt bereik. Die kaptein het probeer verhoed dat die luitenant van sy operasionele herinneringe 'n méns word met die gewone menslike konteks van ouers, gesin, meisie en vriendekring.[12] Die doel/implikasie van die verontmensliking is dat die 'ander een' (of dit vyand of strydgenoot is) gesigloos, naamloos, familieloos en verbintenisloos beleef moet kan word. Sodoende kan sy bestaan dan as sinloos afgemaak, en desnoods beëindig word, of kan die dood van 'n makker gemakliker verwerk word.[13]

In 'n Christelike etos word, onder meer, hoë waarde aan 'n mens se besondersheid, sy/haar individualiteit, geheg (vgl. byvoorbeeld Heyns, 1982:192-198). Daar word ook besondere klem geplaas op die waarde van lewe, veral op die goddelike oorsprong daarvan en die feit dat lewe nie geneem mag word nie. Vrede word voorts as 'n baie hoë en nastrewenswaardige samelewingswaarde beskou. Trouens, onderlinge liefde en vrede tussen mense is wesenlike kenmerke van die Christelike lewensideaal (vgl. Heyns, 1982:225-262).

Die aard en wese van suksesvolle oorlogvoering is haaks met die ideale van die Christelike lewe. Om dié twee onversoenbares met mekaar te versoen, sodat mense met Christelike oortuigings tot die stryd opgeroep kan word, vereis 'n volledig alternatiewe etos waarbinne die stryd 'regverdig' is, die vyand 'boos' en sy ideale 'samelewingsvernietigend' of, nog effektiewer, 'Godvyandig'.

Die wyse waarop die 'alternatiewe etos', waardeur die grensoorlog moontlik gemaak is, uiting gevind het, kan op verskillende maniere aangedui word: aan Suid-Afrikaanse kant is die regverdiging vir die oorlog oor die boeg gegooi van 'n 'totale aanslag teen die land' wat alleen deur 'n totale strategie weerstaan kon word (vgl. Pottinger, 1988:74-75); aan SWAPO-kant is die regverdiging vir die oorlog gevind in die ideaal van 'bevryding van 'n kolonialistiese en

---

12 In die inleidende anekdote is die tegniek van verontmensliking ook gebruik deurdat daar van die 'kaptein' en die 'luitenant' gepraat word asof hulle tipes is en nie individue wat elkeen sy eie gesig, naam, familie en verbintenisse gehad het nie.

13 Terminologie wat die verontmenslikingsproses taalgewys ondersteun, sluit woorde en begrippe in soos 'vyand', 'PB's' (plaaslike bevolking), 'koppe' wat geskiet word en veel meer, terwyl die proses ook gestut word deur die rangstruktuur en aanspreekwyse en die gebruik van mags- en gevegsnommers. Dit is egter universele kenmerke van die militêre lewe wat nie uniek was aan die Suid-Afrikaanse Weermag of die grensoorlog nie.

rassistiese oorheerser' (vgl. Heywood, 1994:1). Elkeen van die ideale is ondersteun deur 'n infrastruktuur van amptelike propaganda, goedgesinde media en onkritiese ondersteuners.[14] Daar behoort egter duidelik onderskei te word tussen twee groepe mense wat die infrastruktuur gevorm het: diegene wat die 'alternatiewe etos' ideologies (en bewustelik) ondersteun en bevorder het en dié wat om menslikheidsredes en idealisme 'n rol gespeel het.

Aan weerskante moes dikwels walgegooi word teen gerugte en berigte oor optredes en wandade wat nie met die betrokke ideaalbeeld van die 'alternatiewe etos' ooreengestem het nie.[15] Weens persoonlike betrokkenheid by die Suid-Afrikaanse kant van die konflik en die beskikbaarheid van bronne wat die verdere argumentering moontlik maak, sal ek hoofsaaklik aan die Suid-Afrikaners se oorlog aandag gee. Die 'ander kant' sal deur iemand wat dit eerstehands ervaar het, beskryf moet word.

Kritiese stemme, sowel teen die alternatiewe etos as teen die oorlog self, het uit die staanspoor vanuit politieke, joernalistieke, kerklike en literêre kringe opgeklink, maar die standpunte is dikwels deur verkleinering, sensurering[16] of ignorering gemarginaliseer. Die grootste fout in die hantering van kritiek was daarin geleë dat kritiek sonder meer aan dislojaliteit gelykgestel is.

Daar is ook vir 'n lang tyd amptelike stilswye oor die oorlog gehandhaaf, terwyl binne- en buitelandse berigte daaroor ontken is (vgl. Spies, 1989:150-153 en voetnote 17 tot 36).[17] Die bestaan van talle operasies ná Operasie Savannah is

---

14 Erasmus (1995:143) wys daarop dat "populêre Afrikaanse fiksie (tydskrifverhale en klubboeke, byvoorbeeld) die amptelike ideologie en 'aanvaarbare' weergawes van die oorlog, die SAW se rol ensovoorts deurgaans ondersteun (het)". Dit is verder gedra deur populêre radioprogramme vir die troepies en deur gemeenskapsprojekte om eetgoed, lektuur en ander geskenke aan die manne op die grens te bring (die sogenaamde 'Dankie Tannie- pakkies').

15 Iets hiervan word geïllustreer in 'n resensie deur Robert J. Gordon van Heywood se monografie *The Cassinga Event* waar hy skryf: "Both sides (SWAPO en die SAW - WSB) clearly benefitted by not having the 'truth' established too realistically" (Gordon, 1995:37).

16 Welma Odendaal se bundel *Keerkring* (1977) en Dan Roodt se boek *Sonneskyn en Chevrolet* (1980) is onder meer verbied (vgl. Erasmus, 1995:146,147).

17 Die amptelike geskiedenis oor 'Operasie Savannah' wat gedurende 1975-1976 plaasgevind het, moes byvoorbeeld vir tien jaar nadat dit geskryf is, ongepubliseerd bly lê (vgl. die voorwoord deur genl. J.J. Geldenhuys in Spies,

ook ontken. Uit persoonlike mededelings van soldate wat betrokke was, is dit duidelik dat juis die amptelike ontkenning van dít waardeur hulle hul lewens in gevaar gestel en van hulle makkers hulle s'n verloor het, besonder demoraliserend gewerk het.[18] Die effek daarvan was dat 'n komplekse wêreld van (oorlogs)ervarings wat hulle deurleef het nie alleen onbekend was aan die gemeenskap waarheen hulle moes terugkeer nie, maar dat dit vir die mense tuis non-eksistent was. Dikwels het soldate eers by hulle terugkeer agtergekom hoe min hulle naasbestaandes geweet het van wat daar met hulle gebeur het.

Die amptelike swye oor die oorlog, waardeur 'n groot aantal soldate hulle eie klein geskiedenissies ontsê is, was die finale voltrekking van die verontmenslikingsproses van die oorlog. Die ervaring het tegelykertyd ook 'n hele geslag van skeptici gekweek wat eerstehands ervaar het dat amptelike nuus/ propaganda nie noodwendig aan die waarheid verwant is nie.

## 5. Die menslikheid van oorlog

As deel van 'die totale strategie teen die totale aanslag' is 'n dienspligstelsel ingestel waarvolgens alle wit mans ouer as sestien dienspligtig was. Teen die middel van die sewentigerjare, toe die militêre aktiwiteite veral aan die noordelike grens van die destydse Suidwes-Afrika toegeneem het, is die dienspligstelsel uitgebrei tot twee jaar aanvanklike diensplig, wat opgevolg is met verdere kampe as lid van 'n burgermageenheid of kommando. Min dienspligtiges was oortuig genoeg van hulle besware teen die oorlog of teen diensplig dat hulle die swaar strawwe wat vir dienspligweiering opgelê is, op hulle geneem het. Die meeste dienspligtiges het hulle met wisselende mates van opgewondenheid vir hulle diensplig aangemeld. Vir talle was dit van begin tot einde 'n opwindende avontuur, vir ander 'n dure burgerplig wat nagekom móés word en vir nog andere bloot 'n onontkombare, wetlike verpligting wat verby moes gaan.

Deelname aan die grensoorlog het toenemend 'n vanselfsprekende deel van die diensplig uitgemaak. Almal wat aan die grens was se paaie het nie noodwendig met dié van die vyand gekruis nie, terwyl toenemende township-geweld in

1989:v), terwyl die feit van Suid-Afrikaanse betrokkenheid in Angola destyds vir maande lank ontken is. Steenkamp (1990:48) vermeld dat die eerste openbare uitspraak deur militêre owerhede oor Operasie Savannah eers in 1977 gemaak is.

18 Spies (1989:153) kom tot die gevolgtrekking: "Vir die Suid-Afrikaanse publiek was die hele proses van aanvanklike geheimhouding, tot geleidelike deurskemering, tot ten slotte openbaarmaking van die werklike toedrag van sake, op sy minste 'n traumatiese belewenis".

Suid-Afrika in die tagtigerjare meegebring het dat dit nie meer nodig was om grens toe te gaan om in lewensgevaarlike omstandighede te beland nie. (Ons was in die operasionele gebied dikwels bekommerd oor ons families in die Republiek, veral na die instelling van die eerste noodtoestand. Dit sou ook eerlik wees om te erken dat my bereidheid en versoek om grens toe te gaan vir die twee jaar direk saamgehang het met die feit dat die vyand dáár gedefinieerd en gewapend was – hulle was soldate.)

Die mees ambivalente ervaring van die oorlog is die afwisseling van opwinding en walging wat 'n mens soms byna tegelyk kan ervaar. Talle soldate het vertel hoedat die jagtersinstink oorgeneem het wanneer hulle warm op die spoor van 'n voortvlugtige vyandige soldaat was en hoe hulle die 'jag' geniet het, maar ook hoedat hulle soms gevoel het om te braak wanneer 'n opvolgoperasie suksesvol afgehandel is en hulle lyke moes tel om te rapporteer hoeveel 'koppe hulle geskiet het'.

Operasionele omstandighede het 'n manier om die eienaardigste invloed op soldate uit te oefen. Party blyk byna outomaties dapper en effektief te wees, ander crack byna sonder provokasie, maar die groot meerderheid doen net presies dit waarvoor hulle opgelei is. Daar is egter nie baie mense wat onveranderd uit die oorlog kom nie. Dit het baie dikwels gebeur dat veral jong dienspligtiges die eerste keer in hulle lewe met die dood te doen gekry het wanneer hulle iemand moes skiet, of wanneer daar van hulle makkers doodgeskiet is. Die emosionele en psigologiese impak wat sulke ervarings gehad het, lê op die terrein van sielkundiges, maar niemand wat 'n paadjie geloop het saam met 'n soldaat wat aan posttraumatiese stressindroom ly, kan self onaangeraak bly nie (vgl. Rossouw & Rossouw, 1992:4-6). Die sielkundige uitwerking van die oorlog op die hele gemeenskap blyk uiteindelik baie diep te wees, veral in die lig daarvan dat die oorlog verloor is en dat die oorwinnaars die oorlog se geskiedenis uiteindelik sal skryf (vgl. Pretorius, 1995:10).

Baie mense sal ontken dat die oorlog deur Suid-Afrika verloor is en kan 'n reeks merkwaardige militêre suksesse as bewys aanvoer (vgl. byvoorbeeld die gepubliseerde Sektor 10-verslae oor Operasie Protea (1981) en Operasie Askari (1983-84) wat militêr suksesvol was, asook die opsommende beskouing van Steenkamp, 1990:187). 'n Motivering vir die oorlog wat 'n mens dikwels gehoor het was dat die oorlog noodsaaklik was 'om SWAPO uit Windhoek te hou' en vandag regeer Sam Nujoma as president van 'n Swapo-regering oor 'n onafhanklike Namibië. Die feitelike toedrag van sake is dat SWAPO die stryd om die 'hearts and minds' van die mense van Namibië gewen het en dít was 80% van die oorlog, soos wat die amptelike nuus en kommentaar dit dikwels gerapporteer het (vgl. Bothma, 1988:14-19).

Steenkamp (1990:187) beantwoord sy eie vraag "Wie het gewen?" soos volg:

> Wat gesê kan word is dat die Suid-Afrikaners beslis die wapenstryd gewen het; en as die regering van die nuwe Namibië neutraal staan teenoor Suid-Afrika, sal dit voldoen aan die Suid-Afrikaners se minimum politieke oogmerk.
>
> As die oorlog iets bewys het, is dit dat die meeste insurgensies weliswaar met politieke oplossings eindig, maar dat hy wat die voorlaaste militêre fase verloor het, sonder seggenskap sit as die wapenstryd uiteindelik eindig – nie met 'n knal nie, maar met die geritsel van dokumente om die konferensietafel.

Die pasbehandelde probleme lê egter op die terrein van die militêre en politieke historici.[19]

Op individuele vlak moet elkeen wat op 'n manier deel gehad het aan die oorlog, nou gewapen bloot met geheue en gewete, hulle lewens voortsit. Vir elkeen van hulle bly die tergende vraag:

Hoe de hel durf ons vertel?

óf

Wat de hel durf ek vertel?

Wat durf jy opdiep uit die diepste kamers van 'n onderdrukte geheue en wat maak jy met die herinneringe?

---

19 Dit is reeds duidelik dat daar nog vir 'n lang tyd geskryf en nagedink gaan word oor die verskillende kante van die oorlog. Daar is sekerlik plek vir 'n meer oorsigtelike koffietafel-geskiedenis soos dié van Steenkamp (1990) en Heitman (1991), maar op 'n manier wag 'n mens vir diepersnydende en gestrenger historiografiese behandelings van die verskillende operasies, soos dié van Spies (1989) en Heywood (1994). Daar lê ook nog 'n baie groot braakveld oop sover dit individuele en persoonlike ervarings betref. Du Preez (1989:v) verklaar dat die doel van haar boek *Avontuur in Angola* "juis (is) om teen die agtergrond van die verhaal van Operasie Savannah *die soldate se belewing* van die gebeure sterk onder die soeklig te plaas" (my kursivering). Soldate is dikwels aangemoedig om dagboek te hou van hulle wedervarings, maar uit die grensoorlog is niks van dié aard, sover ek kon vasstel, nog gepubliseer nie.

## 6. Finale: 'n anekdotiese slot

Op 'n dag is ek sprakeloos gelaat deur een van die troepe se opvatting oor die 'verhoring' van 'n gebed.

Nadat ek vir 'n tyd saam met 'n kompanie op 'n voertuigpatrollie was, moes ek na die basis terugkeer. Voor my vertrek het ons saam gelees en gebid. Dit was soms in die Weermag maar 'n moeilike taak om te weet presies wat en hoe 'n mens behoort te bid, maar daardie oggend was dit maklik om vir die manne se veiligheid, hulle bewaring en alles wat daarmee gepaard gegaan het te bid, omdat ons vir 'n tyd lank ten nouste met mekaar saamgeleef het.

Twee weke later het die kompanie na die basis teruggekeer en een van die Owambo-troepe het my onmiddellik kom opsoek. Sy eerste woorde was: "Ruitenant, ruitenant, jy het vir ons daar in die bos 'n baie goeie gebid gemaak".[20] Ek was uit die veld geslaan en nuuskierig om te hoor wat hy so dringend wou vertel, veral om te verneem wat die gebed so 'goed' gemaak het. Die troep se storie het my egter diep laat dink oor dit waarmee ons eintlik besig was. Volgens die troep was die gebed baie goed, want hulle het op daardie selfde dag waarop ek hulle verlaat het 'n hewige kontak met die vyand gehad waarin tientalle van die vyand gedood is, sonder enige eie verliese. Die gebed was in dié troep se gemoed die gelukbringer, sy talisman, wat tientalle vyandige soldate se lewens gekos het.

## Bronnelys


BOTHMA, L.J. 1988. Kommentaar sonder grense: Die SAUK ... en die storie daaragter. Pretoria : Oranjewerkers.

DU PREEZ, S. 1989. Avontuur in Angola: Die verhaal van Suid-Afrika se soldate in Angola 1975-1976. Pretoria : Van Schaik.

ERASMUS, M. 1995. Die verlede en versoening: Afrikaanse oorlogsliteratuur as (alternatiewe) bron van geskiedskrywing oor die indiwidu. *Literator*, 16(2):127-155, Augustus.

GORDON, R.J. 1995. Recalling a fateful day. (Resensie van *The Cassinga event* deur A. Heywood.) *Weekly Mail & Guardian*, 27/1/95-2/2/95. p. 37.

HEITMAN, Helmoed-Römer. 1991. Modern African wars: 3 South-West Africa. London : Osprey. (Men-at-arms Series no. 242.)

HEYNS, J.A. 1982. Teologiese Etiek Deel 1. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.

HEYWOOD, A. 1994. The Cassinga event. Windhoek : National Archives of Namibia. (Archeia 18.)


20 'n Dienspligkapelaan het die rang van luitenant gedra. Owambo-sprekendes vervang dikwels 'n 'l' met 'n 'r' – vandaar die aanspreekvorm 'Ruitenant'.

HIMMELFARB, G. 1987. The new history and the old. Cambridge, Mass. : Belknap Press of Harvard University Press.

KELLERMAN, Gawie. 1988. Wie de hel het jou vertel? Kaapstad : Tafelberg.

KELLERMAN, Gawie. 1991. Swart sendelinge. Kaapstad : Tafelberg.

KRÜGER, Louis. 1984. 'n Basis oorkant die grens. Kaapstad : Tafelberg.

MEYER-WILMES, H. 1990. Rebellion auf der Grenze: Ortsbestimmung feministischer Theologie. Freiburg : Herder.

OAKESHOTT, Michael. 1983. On history. London : Basil Blackwell.

Op. Askari: Des 83-Jan 84. s.j. SAW (Sektor 10).

Op. Protea. s.j. SAW (Sektor 10).

POTTINGER, B. 1988. The imperial presidency. P.W. Botha the first 10 years. Johannesburg : Southern Book Publishers.

PRETORIUS, Fransjohan. 1991. Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902. Kaapstad : Human & Rousseau.

PRETORIUS, Willem. 1995. Uit die mond van 'n recce. *Insig*:10, Augustus.

ROSSOUW, P.J. & ROSSOUW M.A. 1992. The freedom struggle. Bibliotherapy as cognitive restructuring in the case of victims of armed conflict in Southern Africa. Paper presented at the world conference of the International Society for Traumatic Stress Studies, June 21-26, 1992, Amsterdam, the Netherlands.

SCHEEPERS, Riana. 1995. Die heidendogters jubel. Kaapstad : Tafelberg.

SPIES, F.J du T. 1989. Operasie Savannah Angola 1975-1976. Pretoria : SAW (Direktoraat Openbare Betrekkinge).

STEENKAMP, N.S. 1991. Die hoop groei weer. Oor die dood van 'n soldaat. Pretoria : Van Schaik.

STEENKAMP, W. 1990. Suid-Afrika se grensoorlog 1966-1989. Rivonia : Ashanti.

STRACHAN, Alexander. 1984. 'n Wêreld sonder grense. Kaapstad : Tafelberg.

VAN JAARSVELD, F.A. 1974. Geskiedkundige verkenninge. Pretoria : Van Schaik.

VAN JAARSVELD, F.A. 1992. Afrikanergeskiedskrywing: verlede, hede en toekoms. Johannesburg : Lex Patria.